



Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 5

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	---	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	---	---

Lees die teks en kies die korrekte antwoorde vir vrae 1 – 10.

Dit is Desember vakansie en Miley kan nie wag om by die huis te wees nie. Geen skool nie en haar wens om 'n nuwe troeteldier te kry, word waar! Pappa en Mamma het belowe dat Miley 'n troeteldier mag kies. Miley is 'n enigste kind en haar pappa dink 'n troeteldier sal sy dogter besig hou. Mamma dink weer 'n troeteldier sal vir Miley leer hoe om verantwoordelik (*responsible*) te wees.

Miley dink al die hele jaar watter troeteldier sy wil hê. Eers het sy gedink aan 'n haas, maar haar vriendin se haas, Tyson, is vreeslik baie werk en hy kou aan alles. Toe het sy gedink 'n hamster is 'n goeie troeteldier, maar hulle kan vreeslik stink. Later het sy haar mamma gevra om haar te help. Mamma se raad was om 'n lysie te maak sodat Miley 'n troeteldier kan kies. Miley het aan die werk gespring en gou haar lysie gemaak.

Miley se troeteldierlys:

- My troeteldier moet:
- My beste vriend wees.
 - Saam met my speel.
 - Sag en wollerig wees.
 - Kleinerig wees.
 - Slaap in die nag!
 - Skoon wees.
 - Maklik wees om te versorg.



1. **Wanneer kry Miley haar troeteldier? Kies die korrekte maand.**

- (a) Gedurende die Paasvakansie.
- (b) Gedurende die Desember vakansie.
- (c) Wanneer dit langnaweek is.
- (d) Wanneer haar pappa en mamma sê sy mag.

2. **Voltooi: 'Miley is baie opgewonde, want**

- (a) dit is vakansie en sy kry 'n haas.
- (b) sy kry 'n haas en 'n hamster.
- (c) dit is vakansie en sy kry 'n troeteldier.
- (d) sy maak 'n lysie en hou vakansie.



3. **Hoe lank wil Miley al 'n troeteldier hê?**

- (a) een maand lank
- (b) die hele kwartaal
- (c) die hele jaar
- (d) die hele vakansie

4. **Wie dink dat Miley nie verveeld sal wees as sy 'n troeteldier het nie?**

- (a) Miley se pa
- (b) Miley se vriendin
- (c) Miley se ma
- (d) Miley se onderwyseres

5. **Miley sal watter voorkeure optree as sy haar troeteldier kies?**

- (a) seern maak.
- (b) kos en water gee.
- (c) waggie.
- (d) nooit oefening gee nie.

6. **Met die woord 'versorg' word bedoel hoe jy jou troeteldier**

- (a) oppas.
- (b) weggee.
- (c) kry.
- (d) koop.

7. **Het Miley al besluit watter troeteldier sy wil hê?**

- (a) Ja, sy het 'n lysie gemaak.
- (b) Ja, sy kan nie besluit watter een nie.
- (c) Nee, sy het nog nie besluit nie.
- (d) Nee, sy het al 'n troeteldier.

8. **'n Woord met die teenoorgestelde betekenis (antoniem) van die woord 'hard' is**

- (a) sleg.
- (b) groot.
- (c) skoon.
- (d) sag.

9. **Kies die korrekte verkleinwoord. "n Groot dier, maar 'n klein"**

- (a) dieretjie.
- (b) diertjie.
- (c) dierdjie.
- (d) dierkie.

10. **Wanneer 'n dier siek is, neem ons hom na 'n**

- (a) onderwyser.
- (b) brandweerman.
- (c) veearts.
- (d) haarkapper.



Pas die prente (a) – (d) by die sinne in vrae 11 – 14. Die prent en die sin moet bymekaar pas.

11. Hy is te stekelig (*prickly*). (a) (b) (c) (d)
12. Hy is te kwaai.
13. Hy is te vuil.
14. Hy is te groot.




15. Wat sal die korrekte woordorde vir die volgende sin wees?
Miley / om huis toe te neem / 'n troeteldier / kies / vandag / mag
 (a) Miley mag kies 'n troeteldier vandag om huis toe te neem.
 (b) Miley mag vandag 'n troeteldier kies om huis toe te neem.
 (c) Miley kies vandag 'n troeteldier mag om huis toe te neem.
 (d) Miley mag om huis toe te neem vandag 'n troeteldier kies.



16. Die korrekte spelling van die teenoorgestelde geslag van die woord 'vriendin' is
- (a) frient. (b) vriend.
 (c) vrient. (d) friend.
17. Hoe beantwoord jy die volgende vraag in die ontkennende / negatiewe vorm?
'Wil jy 'n haas hê?'
 (a) Nee, jy wil nie 'n haas hê nie.
 (b) Nee, 'n haas wil jy nie hê.
 (c) Nee, ek wil nie 'n haas hê nie.
 (d) Nee, jy nie wil 'n haas hê nie.

18. Die korrekte vorm van die woord tussen hakies is
- 'n Rot is (klein) as 'n haas.'**
 (a) kleinste (b) meer klein
 (c) klein (d) kleiner



Lees die teks oor die aktrise Isabela Moner en kies die korrekte antwoord vir vrae 19 – 21.

Isabela Moner is op 10 Julie 2001 in Ohio in Amerika gebore. Isabela se moedertaal is Spaans. Sy sê sy het eers met Engels gesukkel (*struggled*) toe sy skool toe is.

Op die jong ouderdom van 6 begin Isabela by die plaaslike (*local*) teater toneelspeel (*act*). Toe sy 10 is, maak sy haar eerste Broadway verskyning in *Evita*.

Sy het die rol as CJ Martin in die Nickelodeon reeks '100 Things to do Before High School', van 2014 tot 2016 vertolk. Sy het ook in fliks soos 'Splitting Adam', 'Legends of the Hidden Temple', 'Transformers: The Last Night', gespeel. Meer onlangs (*recently*) het sy die hoofrol as Dora, in 'Dora the Explorer and the City of Gold', losgeslaan.

Hierdie rolprent is gebaseer op die kinder-animasie. In die film speel Isabela 'n tienerverkenner wat haar vriende lei op 'n avontuur om hulle ouers te red en die geheim (*secret*) van die verlore stad van goud op te los.

Isabela het spesiaal Quechua, die taal wat deur mense op die hooglande van Suid-Amerika gepraat word, aangeleer.

"Ek moes Quechua leer praat, want Dora is baie slim en sy weet alles. Ek het my tante in Peru gebel om te hoor hoe om frases in Quechua te sê."

Isabela is opgewonde dat die filmmakers Dora op haar eie erfenis (*heritage*) gebaseer het.

Isabela het baie talent. Dan is sy nog gaaf, liefdevol en baie atleties ook!

<http://www.justjaredjr.com/2019/03/25/isabela-moner-learned-this-ancient-peruvian-language-for-dora-the-explorer-movie/>

19. Die land waar Isabela gebore is, is
- (a) Ohio. (b) Julie. (c) Amerika. (d) Spaans.

20. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.
Die (drie) taal wat Isabela geleer het, is Quechua.
 (a) driede (b) drieste (c) derde (d) dêrde

21. Die woord 'onlangs' beteken
- (a) baie lank gelede. (b) nie te lank gelede nie.
 (c) jare gelede. (d) in die toekoms.

